4 September 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Lente is hier! – *geskryf deur Anton Pienaar*

Niks keer die seisoene nie! Nie eers die coronavirus covid-19 kan dit doen nie! Lente is hier! Te midde van die koue front is die reëndruppels, helder bloeisels en groen blaartjies 'n aankondiging, nuwe lewe is hier! Jaarliks, met die gewaarwording van nuwe lewe, dink Stellastraat ook aan die wonderwêreld waarin ons die voorreg het om te leef. Die kosbaarheid van ons ekosisteme word al hoe belangriker. Ons weet ons leefwêreld het bewaring nodig, versorging en verantwoordelikheid. Daarom neem ons deel aan die nadenke oor die voortbestaan van ons wêreld. En ons word deel van 'n pro-aktiewe bewaringsleefstyl. Ons wil aan ons nageslagte 'n mooi en versorgde aarde oorgee.

Sondag 6 September se geleenthede

Eerskomende Sondag kan jy twee **eredienste** in Stellastraat se kerk bywoon. Daar is **09:00** 'n **erediens** in die kerkgebou, en daar is **18:00** 'n **Adoramusdiens** in die kapel. Die 09:00 erediens in die kerk word deur Tienie gelei en ook lewendig op Youtube gebeeldsend. Kliek net op die volgende skakel:- **www.youtube.com/c/stellastraatlive** Die maklikste manier om al die oordenkings van Stellastraat in die hande te kry is om doodeenvoudig op jou rekenaar of jou selfoon of jou smartTV op die Youtube-kanaal te soek na ***Stellastraat live***.

Die **Kleuterkerk** se video is hierdie week 'n spanpoging van Mia Lambrechts, Marina Pienaar en Jomari Sciocatti – baie dankie vir al julle moeite. Daar is 'n liedjie wat die jong maats kan saamsing en sommer heelwat praktiese wenke vir gesinne om bewus te wees van hoe ons ons omgewing kan oppas en mooi maak. Hier is die skakel wat julle kan gebruik om daarna te kyk:- **https://youtu.be/7dBN-I19xYI**

Die **Tuis-Adoramus** is ook beskikbaar, vir die wat nie Sondagaand kan bywoon nie. Die covid-19 regulasies is steeds in plek. **Skakel asseblief die Kerkkantoor indien jy van plan is om enige van die eredienste by te woon!** Jy kan saam dink oor dié gebeurtenis deur dié skakel te volg:- **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-6-September.pdf**

Dan is daar ook die **Soekligaanbieding** Sondagaand **19:00**. Neels Jackson het 'n nuwe boek die lig laat sien met die titel ***Jesus vir almal***. Aan die einde van die boek skryf hy oor die gay-gesprek in die NG kerk, maar in die eerste gedeelte het Neels dit reggekry om op 'n pragtige manier te vertel hoe hy die Bybel lees en verstaan. In die volgende drie aanbiedings gaan Neels vertel van sy pad met die Bybel en hoekom hy sê Jesus is vir almal. Die uitnodiging om aan die gesprek deel te neem is :- **https://us02web.zoom.us/j/84549673212** Meeting ID: 845 4967 3212.

Huisgeloof en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag
Gesels as gesinne oor:
Wat in die omgewing is vir jou die mooiste geskenk van God (enige dier, plant, insek, reptiel, vis, sterre ens)? Wat van hierdie geskenk laat jou aan God dink en wat gaan jy doen om hierdie geskenk op te pas?

Jeuggroepe
Die lente is hier en na die eerste bietjie reën is daar al reeds by ons die opgewondenheid dat ons hele omgewing binnekort gaan verander. Van Maart-maand af het ons swaar gekry met die inperkings en nou is die belofte van nuwe lewe daar! Sondag 6 September is **Omgewing-Sondag.** Wat doen ons met hierdie mooi aarde en omgewing waarvan ons as mens volledig deel is? Dit is hierdie vraag wat die tema van die Kleuterkerk en ons Jeuggroepe is.

Die **Kleuterkerk** en die **Junior jeuggroepe** gaan 2 gedeeltes uit die Psalms gebruik vir hulle ontmoeting. In Psalm 24:1 en 104:24 word die aarde besing as God se geskenk. As jy jou geskenke verniel, dan sê dit iets van wat jy dink van die Een wat dit vir jou gegee het.

Tydens die **Senior jeuggroepe** se ontmoeting gaan die jongmense nadink oor God wat die groot Kunstenaar is en dat ons sy kunswerk in die natuur sien (Gen 1). Hulle gaan dan ook met mekaar gesels oor hoe lyk die prentjies wat elkeen van ons skilder (Ps 8)? Wat maak ons met die Kunstenaar se kunswerke?

Elke week doen die groepleiers baie moeite om vir die jongmense gesprekke te reël. Moedig asseblief die jongmense in jou huis aan om hierby in te skakel. Daar is ook weekliks 'n Gespreksblad vir gesinne wat die groepleiers aanstuur. Julle as gesinne kan self besluit hoe julle hierdie Gespreksblad hanteer. Kontak gerus vir Tienie (083 627 5086) as jy enige vrae oor die Jeuggroepe het.

Uitreik

Blikkieskos
Die uitreikbediening vra dat gemeentelede wat blikkieskos wil skenk, dit asseblief by die kerkkantoor sal aflaai.

Vriende speel gholf



Daar was baie min reaksie op ons uitnodiging om aan 'n Stellastraat vriende-gholfdag deel te neem **Woensdag 9 September**. Is daar nie nog vyf vier-balle wat wil kom saam speel nie?

Kontak asseblief vir Anton (083 458 8712). Ons het die plekke. Ons speel teen lede-fooie en ons gaan na afloop 'n ligte verversing geniet op die stoep.

1 September op die winkelrakke



Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word

Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins retreatsentrum naby Krugersdorp. Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die twaalfde een wees. Aansoeke sluit 30 September 2020 en die kursus begin op 22 Februarie 2021. Volledige inligting te kry by sentrumvirspiritualiteit/aktiwiteite/kursusse/kursus in spirituele begeleiding. Navrae by Willem Nicol, wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

Kennastraat pastorie te huur

'n Pragtige, groot en ruim gesinshuis te huur in Brooklyn. Vier groot slaapkamers en drie badkamers. Heerlike, sonnige vertrekke met 'n goeie grootte tuin wat maklik onderhou kan word. Groot kombuis met soliede houtkaste met 'n groot opwas en waskamer. Boonop als 'n twee-vertrek huishulpkamer en badkamer. Dubbel motorhuis. Goeie sekuriteit. Optiese vesel (fibre) reeds aangelê. Naby alle goeie skole: Boys en Girls High, Affies en Menlopark-skole, Anton van Wouw en Pta-Oos. Alles vir slegs R17000pm! Water en elektrisiteit is addisioneel. Daar is nie *'pre-paid'* krag nie. Skakel Elna 082 479 5005 of elna@uysiedeklerk.co.za

Jakaranda Kinderhuis

Die Jakaranda kinderhuis het 'n argief wat in werking moet tree, en 'n stelsel moet gevestig word. Indien daar iemand is wat kans sien om vrywillig te help met hierdie projek, skakel asb vir Louise Jackson 083 348 8304.

Ongesteld

Ons dink steeds aan Klein **Hanna Joubert** van Andersonstraat wat behandel word vir 'n seldsame kanker.

Daar het ongelukkig komplikasies ingetree na **Neels Campher** se operasie. Hy is baie siek en word steeds in die Zuid-Afrikaanse hospitaal versorg.

Fransie du Toit, wat vroeër in Hazelwood gewoon het, is ook baie siek in die Zuid-Afrikaanse hopitaal.

Sakkie Venter van 12de straat 38, herstel na 'n operasie.

Verjaarsdae 6 - 12 September

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 6 September:
Shanya du Plooy, Jason Gilfillan, Marni Groenewald, Willie Mitchell, Adam Olckers, Bart Schultz, Ronel van Biljon, Cobus van Marle.

Maandag 7 September:
Jac Marais, Henk Moen, Luke Theron, Ettienne Vorster.

Dinsdag 8 September:
Morné Greyling, Lisa Minnaar, Niel Prinsloo, Breaan Spies, Gabi Theron, Helga Vorster.

Woensdag 9 September:
Dawid Burger, Hein Els, Werner Erasmus, Carel Jordaan, Theani Kleynhans, Ron Lewington, James Mayhew, Analise Odendaal, Alida Oosthuizen.

Donderdag 10 September:
Nelia Bezuidenhout, Cobus Dreyer, Pieter Grobler, Ina Kruger, Brenda Lesser-Dorfling, Nielu Minnaar, Kayla Oltman, Ilze Pistorius, Eloïse Strydom, Martie Vorster.

Vrydag 11 September:
Henk Auret, Nickie Combrink, Reenen du Preez, Sonja Enslin, Geo Nel, Chris Nieuwoudt, Mihán Pretorius, Reinate van den Berg, Gerhard van der Merwe, Louis van Rensburg, Vivian van Wyk, Mia van Zyl.

Saterdag 12 September:
Nina de Vos, Juliette Fourie, Isabel Hefer, Jeanine Knoetze, Lieze Swart, Steyn van Niekerk, Lise van Wijk, Izelle Verster, Harri Viljoen.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za